

- Bronne** Hendriksen, W. 1979 NTC Colossians. p.179-182
Wiersbe WW 2001 The Bible Exposition Commentary. New Testament Vol 2 p.124-125
Wilhoit J.(red) 2002 Jou handboek vir Gebed. p.44-46

Kol 4:2-4

- 2) “**Volhard in die gebed!** Wees daarby waaksaam en dankbaar
- 3) **en bid** tegelykertyd ook vir ons. **Bid** dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange sit.
- 4) **Bid** dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is.”

Dikwels wonder ons hoe lank moet ek aanhou om vir ‘n saak te bid!

- Wanneer sal ek weet dat ek nou moet ophou of aanhou met bid?
- Wanneer sal ek weet ek het genoeg gebid?

Gebed is die belangrikste manier waarop ons met God kan kommunikeer of praat.

God praat natuurlik met ons deur die Woord.

Gebed is die belangrikste manier van uitdrukking van ons nuwe lewe in en deur Jesus Christus.

Gebed is ‘n heilige handeling wat ons Here Jesus Christus aan ons geleer het.

Heilig omdat ons met die grootste respek en eerbied tot God moet nader.

Gebed is die voertuig vir die belydenis van ons sondes voor God.

Gebed is die instrument wat die dankbare gelowige gebruik om God te loof en te prys.

Gebed is ook **DIE** manier om ons behoeftes voor God te lê.

Daarom is dit so belangrik om tot God aanhoudend te bid, en Hom te loof en te prys en te vra.

Om in die gebed te volhard word op verskeie plekke in die Bybel gevra:

Hand 1:14 “Hulle het almal **eensgesind volhard in die gebed** saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.”

Dit was toe hulle ‘n opvolger vir Judas moes verkies het hulle God se leiding en wil gevra.

Rom 12:12 “Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.”

Dit is ‘n opdrag en vereiste vir die Nuwe lewe in Jesus Christus.

Kol 4:4 “Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is.”

Dit is was Jesus aan sy dissipels geleer het om in die gebed te volhard en nie moedeloos te word as hulle nie dadelik die antwoord kry nie. Ja Jesus het ook aan sy dissipels in die tuin van Getsemane gesê: **Mat 26:41** “Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.”

Wilhoit(2002:44-45) stel voor dat jy aanhou bid, totdat een van die volgende drie dinge gebeur...

- Totdat jy weet dit is nie God se wil nie.
- Totdat God jou gebed beantwoord.
- Totdat God jou deur sy genadige werkinge oortuig.

Hoe weet jy dit is nie God se wil nie? Hier is nie ‘n klinkklare antwoord op nie. Daar is nie ‘n eenvoudige drie-stap oplossing nie. Daar is nie ‘n eenvoudige antwoord om te weet wanneer jy

vir 'n saak moet op hou of moet aanhou bid nie. Maar wat wel uit die Skrif waar is is dat ons moet bid en bid en bid totdat God ons oortuig op sy Almagtige manier dat ons moet ophou. Jesus het in die gebed volhard, selfs met tranen en sweet soos bloed. Jesus het gepleit dat die beker by Hom moes verbygaan. Maar toe hulle Hom kom vang het, het daar 'n vrede oor Hom gekom omdat Hy geweet het dat Hy die paadjie van kruisiging en dood en opstanding moes loop.

Moet daarom nie te gou ophou bid nie. **Bid** aanhoudend in biddende afhanklikheid van God. **Bid** aanhoudend dat God jou gebede sal verhoor op Sy tyd en op Sy wyse, soos Hy dit wil en nie soos wat ek wil nie. **Bly** bid totdat die Heilige Gees en die Woord jou oortuig het dit genoeg is.

AMEN (Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)